
UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS nuus



## US bou ruimtes van die 21ste eeu

## Sparking debate on campus

# Dave Richardson: AT THE HELM OF C·I·B

Prof Julian se gesondheidswenke | Military lessons from Kenya | Nuwe voorsitter van US Raad | Art explores body images

JAAR 20#5 JUNIE/JULIE 2012 YEAR 20#5 JUNE/JULY 2012

# contents inhoud

My kampus: Liezel Matthee is sportmal ...... 3

SOTL Conference: SU looks to the future ...... 4

US gasheer vir eerste SA Sonenergie-konferensie ...... 6

Community Interaction: British students teach in Kayamandi ...... 8

George Steyn: US Raad se nuwe voorsitter ...... 9

US bou ruimtes vir 'n 21ste-eeuse universiteit ...... 10

Lessons from the Kenyan Military Academy ...... 12

SU concludes agreement with SANDF ...... 13

Artist Kathryn Smith in Havana ...... 14


Sparking debate on campus ...... 15

Kampuslewe: eet, luister, lees ...... 17

Welwees: Prof Julian deel sy gesondheidswenke ...... 18

Prof Dave Richardson heads C·I·B ...... 19







*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Jacques Botha
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: 021 808 2927, faks: 021 808 3800, e-pos: kampusnuus@sun.ac.za of wmuller@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY



## VAN DIE Redakteur

Soms is 'n mens se dagboek oorvol en jou e-pos se inboks loop oor van boodskappe wat jy nog op moet reageer. Almal by die Universiteit ken sekerlik daardie gevoel van te min ure in 'n dag. Maar dis omdat daar so baie op ons vier kampusse gebeur.

In hierdie maand se uitgawe van *Kampusnuus* vertel ons jou van uiteenlopende dinge wat nuus maak op ons kampusse en elders. Omdat hierdie uitgawe van *Kampusnuus* jou ook deur die reses-tyd moet dra, is daar op die koop toe vier ekstra blaaie se nuus om te lees.

On this month's cover is Prof Dave Richardson, who has been appointed as the new Director of the Centre for Invasion Biology. On page 20, he shares his plans for the Centre.

Read all about an interesting community interaction project that Stellenbosch University and Warwick University, in Engeland, are running in Kayamandi with teaching students from Warwick.

Recently, the first Rooiplein Debate was held in Stellenbosch, and on page 15 Mathew Smorenburg, from the Centre for Student Communities, expresses the wish that it will be the starting point for more campus conversations about topical issues.

Die US Raad se nuwe voorsitter, George Steyn, het pas sy termyn begin. Op bladsy 9 leer ons dié voormalige besturende direkteur van die PEP-groep van nader ken.

In Mei is twee nuwe gebou in Stellenbosch geopen, en ons vertel jou van die omgewingsvriendelike tegnologie wat gebruik is in die nuwe Fasiliteitsbestuurgebou, asook van die innoverende ontwerp van die amaMaties Hub, wat dagstudente se ervaring van kampuslewe aansienlik sal verander.

Twee nuusstories kom van die Fakulteit Krygskunde. Prof Abel Esterhuyse skryf oor sy ervaring by die Keniaanse Militêre Akademie, terwyl ons ook berig oor die nuwe ooreenkoms wat tussen die US en die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag geteken is.

Also, read about the work of two artists, a new book, and about music students taking classical music to the masses.

Enjoy this issue of *Kampusnuus*, and write to us at kampusnuus@sun.ac.za, or post on our Facebook page, or follow us on Twitter.

*Wayne*

## KAMPUS klets

Congratulations to Prof CG van der Merwe (see page 4)! He has set an excellent example to all academics! Perseverance, hard work, commitment and a love for what you are doing are key drivers to success. Also, a word of thanks to the editors. – *Prof Johan Ras, HOD: Criminal Justice, Vice-Dean, Faculty of Arts, University of Zululand.*

**(RE: amaMaties Hub)** We can only hope that Tygerberg will have the privilege of accommodating the Medicine and Health Sciences students in a likewise fashion, as our PSO (Osler) students currently have no facilities available to cater to their needs, except the library and cafeteria, which have no changing rooms. The real danger is in having to drive around at horrifying times of the night when on call in hospital, and some students need to catch the train to get home.
– *Joey Bate*

Keep up the wonderful work Maties... that is indeed giving Hope – *Ndinelao Kaleb*

Goeie idee. Daar's deesdae heeltemal te veel motorkarre in Stellenbosch. Fietsry & stap is baie gesonder! – *Helena Bruwer*

I really work with some great minds @StellenboschUni! So exciting to see new inventions and research make an impact! – *Saberi*

Uitstekende teologie konferensie @StellenboschUni #theology. Kyk terug, stap vorentoe. – *Leslie van Rooi*

Well done to Heerden Herman, a @matiesstudent, for qualifying for the Olympics, will be swimming along with @LeClos_Swim, good luck! – *Courtney Du Plooy*

@StellenboschUni thank you for amazing lecturers and staff! They are always willing to help! – *Nadia La Grange*

*Briewe aan Kampusnuus is welkom. Stuur 'n kort brief na kampusnuus@sun.ac.za, faks 021 808 3800 of lewer af by Admin B. 'n Skuilnaam mag gebruik word, mits jou naam en e-pos/fisiese adres (nie vir publikasie nie) verskaf word. Kampusnuus behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer. Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons op Twitter (@stellenboschuni).*





# Fiks en vol fut

*Elf jaar gelede het Liezel Matthee, Senior Sekretaresse vir die Adjunkregistrateur, 'n breinoperasie ondergaan wat haar epilepsie genees het. Sedertdien het sy nie net drie ultramarathons en talle ander padwedlope voltooi nie, maar ook in 2010 weer haar tennisraket opgeneem en beklee nou die 32ste posisie op die Internasionale Tennisfederasie se dubbelsranglys vir veteraan-vroue. Deur SONIKA LAMPRECHT*



**Ek was nog altyd mal oor sport ...** en het op skool tennis gespeel, maar die epilepsie het my verhinder om my ten volle daarin uit te leef. Ek het tot 14 aanvalle per maand gehad en kon nie bestuur nie. Sedert die operasie in 2001 het ek nog nie weer 'n aanval gehad nie en kan ek voluit leef. Ek het so gou moontlik my rybewys gekry sodat ek nie meer afhanklik van mense sou wees nie. Met die ondersteuning van my man, Theuns, wat ook 'n sportman is, het ek begin marathons hardloop. In 2004 het ek aan my eerste halfmarathon deelgeneem en het nou al drie keer die Twee Oseane voltooi. Twee jaar gelede het ek weer begin tennis speel, en verlede jaar het iemand van Boland-tennis my tydens 'n ligawedstryd raakgesien en gevra of ek nie belangstel om toernooie te speel nie. Intussen het ek aan drie toernooie deelgeneem, en sedert September 2011 opgeskuif tot nommer 16 op die ranglys van die Suid-Afrikaanse veteraan-vroue en twaalfde plek op die dubbelsranglys.



**Ek werk al 19 jaar by die Universiteit ...** In 1993 het ek begin as kassiere by studentegelde en daarna het ek vir 'n paar maande as toesighouer in die Neelsie gewerk. Vanaf 1994 tot 2008 het ek in die US Drukkery gewerk, waarna ek na die kantoor van die Adjunkregistrateur geskuif het. Ek voel gevestig hier in die omgewing en sal seker ook nog eendag hier aftree. My kollegas by die drukkery het my so ongelooflik bygestaan tydens my epilepsie. Ook met my operasie en herstel daarna het ek baie ondersteuning van die Universiteit gekry, iets waarvoor ek altyd dankbaar sal wees.

**My werk behels ...** om die Adjunkregistrateur (Institusionele Sekretariaat) te help met die druk en verspreiding van die agendas vir die Raad, Senaat, UK(S), die UK(R) en die ABK, asook die algemene navrae rondom dié vergaderings. My pligte is ook die voorbereiding van die lokale vir bogenoemde vergaderings, reëlings ten opsigte van tolke, parkeerplek, IT-bystand, ensovoorts.



**My sport pas ek gewoonlik ná werk in ...** minstens twee ure per dag, drie tot vier keer per week. Maandae en Dinsdae speel ek by die Vlottenburg-tennisklub en Saterdae speel ek ligawedstryde of sommer sosiaal teen ander klublede. Ek hardloop steeds so nou en dan om fiks te bly. Ek hou nou eers duim vas dat ek gekies sal word om Boland te verteenwoordig by die Interpro's in September in Durban. My groot droom is om eendag nog vir die SA Tennisspan te speel, dalk gebeur dit as ek 50 is. Liewer te laat as nooit...

*Foto's (bo): JUSTIN ALBERTS*

# TEACHING AND LEARNING: SU looks to the future

What is the nature of a 21st-century university and how will the information age impact our teaching and learning experiences?

These were some of the questions Prof Russel Botman, SU Rector, touched on at the opening of this year's Conference on the Scholarship of Teaching and Learning (SOTL), presented by the Centre for Teaching and Learning (CTL) on 22 and 23 May.

The conference, in its sixth year, aims to address all aspects of teaching and learning at SU and provides a platform where academics can share best practices, research findings and innovative ideas about teaching and learning.

"We look at Stanford, MIT, Harvard and their online courses and we are beginning to understand that the teaching environment will change. Stellenbosch itself has done a lot of work developing its own telematic platform. But are we ready, has this university done enough to be ready, and how do we want to be part of a virtual learning environment? Our job is to broaden the base of the learning experience and learning opportunities," Botman told delegates.

He said it is a time for risks, to be challenged and to accept these challenges. "Look at what is happening in the virtual world in teaching and online learning and how the classrooms are opening up for all. There will be strong European and American universities that will be online and it will be soon. The question will be: Does Africa play in that space and what will we bring to the table?"

Other keynote speakers at the two-day conference included Prof Ronald Barnett, Emeritus-Professor of Higher Education at the Institute of Education, University of London; and Prof Joan Tronto, a professor of Political Science at the University of Minnesota.



*Pictured here at the opening of the SOTL conference are Dr Ludolph Botha, Senior Director: Student and Academic Support, Prof Brenda Leibowitz, Director at the Centre for Teaching & Learning, Prof Ron Barnett from the University of London, and Prof Russel Botman, SU Rector.*
Photo: ANTON JORDAAN

## US baan weg met gesamentlike en dubbelgrade

Die US neem die voortou as dit kom by die toekenning van gesamentlike en dubbelgrade, en plaas die ontwikkeling daarvan hoog op sy agenda.

Hoewel Europese instansies reeds sedert die 1990's dié tipe grade begin ontwikkel het, is dit 'n nuwigheid vir hoëronderwys-instellings in Afrika.

Me Dorothy Stevens, Assistent-Direkteur van die US se Nagraadse en Internasionale Kantoor, het 'n lesing aangebied oor gesamentlike en dubbelgrade by die tweede jaarlikse konferensie QS MAPLE (Middle East and Africa Professional Leaders in Education), wat op 3 en 4 Mei in Durban gehou is.

Sy het in haar toespraak die US se standpunt oor gesamentlike en dubbelgrade verduidelik, en gesê hierdie tipe programme bied uitstekende geleenthede om samewerking te bewerkstellig en om aan deelnemers internasionale blootstelling te bied. Met sewe bestaande gesamentlike PhD-programme en vyf wat tans ontwikkel word, baan die US die weg vir hoëronderwys-instellings in die res van Afrika.

In 'n onderhoud met *University World News* ná die konferensie het Stevens gesê die US neem die voortou wat die beleidsontwikkeling rondom hierdie tipe vennootskappe betref. "Ons het navorsing gedoen oor die veld, asook raad van beide die Departement van Onderwys en die Raad op Hoëronderwys ingewin."

Die US het institusionele bande vir gesamentlike PhD-programme met instansies in die Verenigde Koninkryk, Frankryk, België, Duitsland en Nederland, en stel ook ooreenkomste met instansies soos die Karolinska Institutet in Swede en Makerere-universiteit in Uganda in die vooruitsig.

## Van der Merwe vereer vir merkwaardige loopbaan

'n Bundel opstelle is onlangs aan prof CG (Cornie) van der Merwe tydens 'n geleentheid in die Ou Hoofgebou oorhandig. Die oogmerk met die boek *Essays in Honour of CG van der Merwe* is om hom te vereer vir sy merkwaardige loopbaan van meer as 40 jaar in die regsakademie.

Van der Merwe is tans 'n senior navorsingsgenoot in die Departement Privaatreg in die Fakulteit Regsgeleerdheid. Hy is 'n internasionale kenner van die sakereg en deeltitelreg.

Die boek het 19 hoofstukke en benewens Suid-Afrikaanse bydraes is daar ook 'n sterk internasionale dimensie met bydraes van skrywers uit België, Duitsland, Engeland, Hongkong, Portugal, Singapoer, Skotland en Spanje.

Die boek is uitgegee deur LexisNexis en die redakteurs is proff Hanri Mostert (Universiteit van Kaapstad) en Marius de Waal (US) – beide oudstudente van Van der Merwe.



# Wenners van WOORDtroFEES bekend

Die ATKV WOORDtroFEES, wat jaarliks toegeken word vir uitnemende aanbiedings op die US Woordfees, is begin Mei tydens 'n spoggeleentheid op Bon Esperance buite Stellenbosch toegeken. Dit is die derde keer dat dié spogtoekennings gemaak word.

Twee romansiers het weggestap met die louere as Woordfees 2012 se uitstaande Woordkunstenaars. Sonja Loots, skrywer van *Sirkusboere*, en Theo Kemp, wat in 2011 met *Skool* gedebuteer het, is onderskeidelik as gevestigde en debuutskrywer bekroon vir hul feesgesprekke oor hul romans.

Volgens prof Ronel Foster, sameroeper van die beoordelaars, is dié twee Woordfeespryse nie literêre pryse wat die bekroning van 'n gepubliseerde teks as doel het nie. "Dit is feespryse, wat gaan om die gesprek met die skrywer wat by die Woordfees plaasvind – hoe informatief, verhelderend, diepsinnig, substansieel, ensovoorts die gesprek was."



*Amanda Strydom lewer haar bedankingstoespraak nadat sy aangewys is as beste kontemporêremusiekkunstenaar.*

Wessel Pretorius se *Ont* het die trofee as beste dramaproduksie ontvang. Hy is skrywer, regisseur en akteur van dié eenmanstuk.

Amanda Strydom het die ATKV se gesogte beeldjie in die kategorie kontemporêre musiek ontvang. Strydom was op die Sanlam Musiekfees saam met Janine Neethling te sien in Deon Opperman se *Binnekamer*.

Cape Consort is aangewys as beste klassiekemusiek-kunstenaars vir hul uitvoering van Italiaanse madrigale in die Endlersaal.

Willem Strydom, wie se aanskoulike marmerbeelde tydens die Woordfees in die Rupert Kunsmuseum uitgestal is, is as hoogstaande visuele kunstenaar aangewys.

Twee WOORDtroFEES, gekoppel aan die fees se WOW (Woorde Open Wêrelde)-projek, is aan presteerders in die onderwys toegeken, by name America van der Merwe van Hoër Tegniese Skool Proteus, en Ivor Fortuin, Afrikaans-vakhoof van New Orleans Sekondêr in die Paarl.

## Women theologians gather in Stellenbosch

The Stellenbosch and UWC Chapters of the Circle of Concerned African Women Theologians held its second conference in May at SU's Faculty of Theology, where the message was clear: We must all stand together to prevent violence against women.

The conference, themed "Gender and Education", formed part of the faculty's HOPE Project Initiative.

The Circle, consisting of several chapters across Africa, focuses on research and writing about issues relating to women in Africa.

The speakers included Elizabeth Petersen of the SA Faith and Family Institute, Prof Julie Claassens of SU's Faculty of Theology, Dr Gerrit Brand of SU's Faculty of Theology, and Ilse Ahrends of the Saartjie Baartman Centre for Women and Children.



*Dr Gerrit Brand of SU's Faculty of Theology.*
Photo: ALEC BASSON



*Charl Clayton, 'n US musiekstudent, op 'n Matie Fiets.*
Foto: JUSTIN ALBERTS

## Huur 'n Matie Fiets

Die US se Matie Fiets, wat in Maart tydens die Volhoubaarheidsweek bekend gestel is, kan nou by die Voertuigpoel in Banhoekweg gehuur word.

Dié fietse is 'n poging om minder motorvoertuie op kampus te hê en bied ook verligting vir die tekort aan parkeerplekke. Die US is die eerste Suid-Afrikaanse universiteit wat die fietswiele vir volhoubaarheid laat rol.

Altesaam 400 van die Matie Fietse is vanaf Nederland ingevoer vir gebruik deur personeel en studente. Veilige fietsroetes sal in die volgende paar maande op kampus aangebring word.

Personeel en studente kan 'n Matie Fiets op 'n jaargrondslag huur. Elke fiets word deur 'n spesiale plakker uitgeken. Die raam het ook 'n reeksnommer en 'n unieke nommer op die agterste modderskerm wat dit maklik maak om jou fiets in fietsrakke uit te ken.

'n Deposito van R1 000 per jaar is betaalbaar vir die gebruik van 'n fiets. Indien die fiets aan die einde van die jaar in 'n goeie toestand terugbesorg word, word R600 van die R1 000 terugbetaal.

Betaling moet eers plaasvind voordat die fiets verhuur kan word. Dit kan by die kassiere in Admin A gedoen word, of elektroniese inbetaal word.

Vir meer inligting en die besonderhede van die kostepuntrekening of die US se bankbesonderhede, stuur e-pos na fiets_bike@sun.ac.za.

# US bied eerste sonenergie-konferensie aan

Die Universiteit Stellenbosch was einde Mei die gasheer van die eerste Suider-Afrika Sonenergie-konferensie. Dit is by die Technopark Protea Hotel van 21 tot 23 Mei gehou, en het op beide fotovoltaïese en termiese sonkragtegnologie gefokus.

'n Groot aantal internasionale deelnemers, sowel as navorsers van Afrika, het saam met Suid-Afrikaanse afgevaardigdes die nuutste ontwikkelinge in sontegnologie bespreek. Die program het 46 tegniese aanbiedings van verskeie universiteite en navorsingsgroepe in Suider-Afrika en die buiteland ingesluit.

"Die konferensie bied die geleentheid vir navorsers, ingenieurs, tegnoloë en individue om die nuutste ontwikkelinge in die veld te deel en te bespreek en ook om idees uit te ruil oor toekomstige vereistes en ontwikkelings. Die konferensie-temas fokus op navorsing en ontwikkeling en die resultate wat deur universiteite en ander navorsingsinstansies oor die afgelope vyf jaar voltooi is," het prof Wikus van Niekerk, Direkteur van die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies en voorsitter van die konferensie, gesê.



*Prof Wikus van Niekerk, konferensie-voorsitter; Helen Zille, Wes-kaapse Premier; en prof Russel Botman, US Rektor.*

Helen Zille, Premier van die Wes-Kaap, het in haar openingstoespraak gesê dit is die Wes-Kaapse regering se doel om die provinsie die spilpunt van groen ekonomiese aktiwiteite in Suid-Afrika te maak.

"Ons beplan om teen 2014 ten minste 10% van die elektrisiteit wat in die provinsie gebruik word uit hernubare energiebronne op te wek. Sonergie staan uiteraard sentraal in die bereiking van hierdie doelwit."

Zille het gesê sy is gefassineer deur die werk wat gedoen word in informele nedersettings waarby die Universiteit betrokke is en dat die innoverende bydrae deur akademici en studente wat betref die opgradering van informele nedersettings – en spesifiek die opgradering van basiese dienste – en die opwek van energie "uitsonderlik" is.

Prof Russel Botman, US Rektor, het gesê die US is trots daarop om 'n betekenisvolle rolspeler te wees wat hernubare energie betref en verwys na die Universiteit wat 'n wetenskap-vir-die-samelewing benadering volg deur middel van die HOOP Projek.

## Arangies wins opportunity to present at UN Forum

Stellenbosch University MBA graduate and the University's Director: Human Resource Management, Gretchen Arangies, has won the Association of MBAs Global AMBAssador Challenge and will represent the Association and the MBA community at the Rio+20 Corporate Sustainability Forum on 15 June 2012 in Rio de Janeiro.



*Gretchen Arangies*


The Association of MBAs' Global AMBAssadors were asked to interview a leading business person or entrepreneur in their country about responsible and ethical leadership and write an article about it.

As winner, Arangies will join a panel of speakers at the UN's Global Sustainability Forum who will discuss recommendations for higher education, business and government leaders to integrate innovative solutions and practices that embrace responsible management. The UN's Secretary General, Ban Ki-Moon, will host the event.

"I am honoured to have won this opportunity to represent MBA students and promote responsible leadership and management. It is a unique opportunity that has come my way, and I see it as a challenge," Arangies said.

## STIAS fellow awarded 2012 Holberg International Memorial Prize

Prof Manuel Castells, holder of the Wallis Annenberg Chair in Communication Technology and Society at the University of Southern California, and visiting fellow of the Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS) has been awarded the 2012 Holberg International Memorial Prize for his "outstanding scholarly work in the fields of the Arts and Humanities, Social Sciences, Law and Theology".



*Manuel Castells*

The prize was established in 2003 by the government of Norway to raise awareness of the value of academic scholarship within the Arts, Humanities, Social Sciences, Law and Theology, either within one of these fields or through interdisciplinary work. It is widely perceived to complement the Nobel prizes, which do not cover these fields.

The 2012 citation of the Holberg Prize Academic Committee reads: "[Manuel Castells'] ideas and writings have shaped our understanding of the political dynamics of urban and global economies in the network society. He has illuminated the underlying power structures of the great technological revolutions of our time and their consequences."



## Fakulteit verander naam

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe van die US sal voortaan bekend staan as die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskap.

Volgens 'n skrywe van prof Jimmy Volmink, Dekaan van dié fakulteit, was daar hoofsaaklik twee redes vir die naamsverandering. Eerstens, vanuit 'n bemarkingsoogpunt wil die fakulteit hom onderskei van ander fakulteite van gesondheidswetenskappe in die land wat nie mediese opleiding aanbied nie.

Tweedens, die term "gesondheidswetenskappe", teenoor "mediese skool", word internasionaal gebruik vir instellings wat nie mediese opleiding bied nie, en derhalwe veroorsaak dit verwarring by internasionaal kollegas.

"Ons sal voortgaan om die toewyding, prestasies en gehalte van al ons studente en personeel hoog op prys te stel onder die nuwe naam," aldus Volmink.



**INTERNASIONALE MUSEUMDAG** *is op 18 Mei gevier, en die US se Sasol Kunsmuseum het verbygangers in die pad voorgekeer en ingenooi om die museum se versamelings te besigtig. Die gaste is sop en sjerrie aangebied en kon deur die Kunsmuseum loop en die historiese en kunsversamelings besigtig. Hier staan Elwin September en Rosaline Pietersen voor die ingang van die Kunstemuseum by hul gelukbringer.* Foto: WAYNE MULLER

## Opleiding in geleentheidsbestuur

Die Afdeling Institusionele Bevordering bied opleiding in geleentheidsbestuur (*event management*) aan as 'n inisiatief om personeel op kampus te bemagtig wat verantwoordelik is vir reëlings van geleenthede in hul omgewings.

Dit word deur Martie van der Linde, Hoof: Funksies en Skakeling, aangebied volgens die standaard wat gestel is in die Protokol vir funksies (*Protocol of Events*) van die Universiteit.

Die basiese beginsels van geleentheidsbestuur, protokol, kontrolelyste, begrotings, tydsbestuur en skakeling word gedek. Die kursus duur 'n voldag.

Dit word op Woensdag 13 Junie 2012 vanaf 08:30 tot 16:30 by Asara net buite Stellenbosch aangebied. Die koste beloop R500 per persoon, en sluit kursusmateriaal en middagete in.

Stuur epos aan leoo@sun.ac.za voor 8 Junie om plek te bespreek.

# SU acquires innovative laser machine

A state-of-the-art laser machine capable of building complex three dimensional objects out of fine metal powder – microscopic layer by layer – was unveiled at Stellenbosch University on 25 May.

Known as the M2 LaserCusing System, the machine has been imported from Germany at a cost of R5 million, funded by the Technology Innovation Agency (TIA). It is the only one of its kind in the country, and has been installed at the Institute of Advanced Tooling (IAT), hosted within the Rapid Product Development Laboratory in SU's Department of Industrial Engineering.

The IAT is an initiative of the Department of Science and Technology, implemented through the TIA. Besides SU, it has branches at Tshwane University of Technology and the Walter Sisulu University. The TIA stimulates technological innovation in South Africa.

The M2 LaserCusing System's primary application is the production of complex tooling inserts for metal moulds used in various industries which manufacture products made from a variety of substances, such as plastic, glass and metal.

In addition, the machine can also be used to manufacture advanced metal components for utilisation in the aerospace, automotive, medical and dental industries.

"This machine can produce components that cannot be made in any other way. It allows for complete design freedom. Whatever can be imagined, can be built with this system," Prof Dimitri Dimitrov, Head of the Rapid Product Development Laboratory at SU, said.

One of the machine's major advantages is that it can process a wide variety of metals, such as aluminium, stainless steel, various hot-work tooling steels, titanium, cobalt-chrome and nickel-based alloys.

The system was developed and made by Hoffman Innovation Group AG, a leading German tooling producer. It will be used for advanced research purposes by post-graduate students at SU and IAT tooling engineers. In addition, the system will service the tooling industry, which will help create employment opportunities and stimulate economic growth.



*Mr Xola Madyibi, a LaserCusing Technologist at the Institute of Advanced Tooling (IAT), busy operating the new M2 LaserCusing System installed at Stellenbosch University.*
Photo: MIKE SAXER

# Teaching in Africa

*With the help of Stellenbosch University's Division for Community Interaction, a group of British teaching students are now gaining practical experience while giving educational support to learners and teachers in Kayamandi, writes JOANNE WILLIAMS.*

The Warwick in Africa (WiA) project is grounded on a sound philosophy that provides young teachers with an opportunity to engage in a context where they can play a supportive role through sharing knowledge and new teaching ideas, while acknowledging that they too would be learning from the contexts in which they were immersed.

In 2010, this project between Stellenbosch University and Warwick University in the United Kingdom was facilitated by Rolene Liebenberg, Manager: Schools Partnerships at SU's Division for Community Interaction (DCI), and Prof Ingrid Rewitsky, Vice-Dean in Faculty of Science.

The focus is on supporting teaching and learning in the foundation years of high school (grades 8 and 9). The Warwick students teach in the context with all its constraints and show what is possible through simply taking a different approach. The WiA model expects its students to be well-prepared for the local context and to bring new ideas that can be integrated within the local curriculum. The students become fully integrated in the school during their stay.

According to Liebenberg, "teaching in a new context is challenging, especially in terms of understanding the teaching and learning culture, the language and the socio-economic context and how these impact on teaching and learning".

The WiA model builds partnerships with schools over a period of time by bringing new students back to the school and having them briefed by students who have been before. The model also identifies highly talented learners and exposes them to challenging tasks, which allow them to explore their potential. WiA also provides opportunities for local teachers to visit Warwick and to observe teaching in the Warwick context as a means to stimulate teacher professional development locally.

Makupula High in Kayamandi was chosen as the pilot school, and the DIC was instrumental in facilitating the partnership and liaising with the local education department, heads of department at Makupula and the teachers. The feedback from the school is that the partnership has stimulated teachers to rethink some of their practices.

Marguerite Macrobert of the English Department in SU's Faculty of Education invited the Warwick students to share their experiences with the Stellenbosch students. "They said that meeting up with the Warwick students inspired them to want to do teaching practice in these schools," said Macrobert.

This year the WiA project will be sending six experienced alumni teachers and other Warwick University staff to provide master classes to teachers at both Makupula High and Kayamandi High.

> *"... teaching in a new context is challenging, especially in terms of understanding the teaching and learning culture, the language and the socio-economic context and how these impact on teaching and learning."*

The Wen-Wen project's mathematics programme of the Institute for Mathematics and Science Education (IMSTUS) is also exploring a collaboration with WiA, as Makupula is one of the schools it is involved at. Wen-Wen is a Hope@Maties high-school feeder primary school cluster initiative, and John Dalton, Head of Mathematics and Science at Makupula, views the collaboration as key to supporting the objectives of both projects.

Liebenberg says: "This demonstrates the impact the collaboration can have on the community and projects with synergies."

*BELOW: A teaching student of Warwick University helps leaners at Makupula High School.*





# George Steyn neem leiding

*George Steyn het pas sy vierjaar-termyn as die nuwe Voorsitter van die Universiteitsraad begin. ILSE ARENDSE het met hom gesels.*



Foto: JUSTIN ALBERTS

Die geheim van 'n suksesvolle lewe lê daarin dat jy jou volle potensiaal moet bereik en 'n verskil in die lewe van ander moet maak. Só glo George Steyn, nuwe Voorsitter van die Universiteitsraad wat dr Paul Cluver opvolg wie se termyn op 1 April vanjaar verstryk het.

Steyn, 53, is 'n US alumnus en ook voormalige besturende direkteur van PEP. Hy het in 2011 afgetree en is tans op sabbatsverlof en beplan om 'n nuwe loopbaan te ondersoek.

Volgens Steyn word die US gekonfronteer met komplekse vraagstukke en die antwoorde is nie altyd voor die handliggend nie. "My plan is altyd om wyd in gesprek te tree en te soek vir raakpunte tussen uiteenlopende standpunte. Die uitdaging is dat die spanningsvlakke oor byvoorbeeld taal nie in die pad moet staan van die US se strewe na akademiese uitnemendheid nie," sê hy.

"Ek sal my beywer dat die Raad die nodige strategiese leiding verskaf om die US se uitnemendheid as akademiese instelling te verseker en verder te verbeter. Gesonde sakebeginsels moet ook toegepas word om die US finansieel gesond te hou en dit vir die nageslag te bewaar."

> *"My sakeresep was nog altyd om my met die beste mense te omring en mense met verskillende sterk- en swakpunte saam in spanne te gooi."*

Steyn sê die kwessie rondom Afrikaans verg baie energie en skaad ook die US se beeld. "Dit sal in die US se belang wees as die Raad groter duidelikheid kan verskaf oor die pad vorentoe."

Onder sy leierskap was die PEP-groep baie suksesvol. "My sakeresep was nog altyd om my met die beste mense te omring en mense met verskillende sterk- en swakpunte saam in spanne te gooi. Verder glo ek daarin om mense te bemagtig deur hulle verantwoordelik te maak vir ooreengekome uitsette."

Wat onthou hy van sy tyd hier as student? "Ek was altyd bewus van die voorreg om 'n student te kan wees by hierdie wonderlike universiteit. Die gehalte van opleiding en die vriendskappe wat gesmee is, is die belangrikste gedagtes wat altyd eerste opduik," vertel hy.

"Ek moedig ook my kinders aan om nie net akademies te verkeer nie, maar so gebalanseerd moontlik aan die studentelewe mee te doen. Ons interpersoonlike vaardighede word veral buite die akademiese omgewing geslyp en deur die blootstelling aan groter diversiteit."

Steyn sê hy vertrou dat sy voorsitterskap die Raad sal help om die Universiteit ten beste te dien.

En sy hoop vir die toekoms van hierdie instansie? "Om onteenseglik as 'n wêreldklas-universiteit beskou en gereken te word."

## Biografie

George Steyn is 'n Bolander wat 'n BA Regte en LLB aan die US verwerf het. Hy het in 1986 by PEP aangesluit. Tydens sy loopbaan daar het hy in die meeste afdelings van die besigheid ondervinding verkry. Hy het ook die verkoop van sellulêre produkte in PEP geïnisieer.

Steyn is in 2005 aangestel as besturende direkteur en in sy termyn het die bedryfswins van R500 miljoen tot meer as R1,5 miljard in vyf jaar gegroei.

Oor die jare het Steyn sy gewig by skole ingegooi, en was tot 2009 vir drie jaar die voorsitter van Paul Roos Gimnasium se beheerliggaam.

Hy is getroud en het vier kinders van tussen 16 en 24 jaar oud. Hy geniet dit om te lees, voëls te bestudeer en om tyd in die natuur deur te bring. Hy en sy pa boer ook in die Karoo met skape, beeste en lusern.

# Ruimtes van die 21ste eeu

*Twee nuwe geboue is in Mei op die Stellenbosch-kampus geopen wat wys die Universiteit is aan die voorpunt van innovasie. Die nuwe Fasiliteitsbestuurgebou neem omgewingsvriendelike ruimtes na 'n nuwe vlak, terwyl die amaMaties Hub die konsep van koshuis op sy kop keer en dagstudente nou ook 'n koshuiservaring bied.*





Foto: JUSTIN ALBERTS

## Groen, groener ...

*LINKS BO: Die nuwe Fasiliteitsbestuurgebou. REGS BO: Die moderne interieur van die Fasiliteitsbestuurgebou.*

Met sy klem op minimalisme, volhoubaarheid, energiebesparing én 'n onbelemmerde sig is die nuwe Fasiliteitsbestuurgebou beslis 'n simbool van die 21ste-eeuse werkplek.

Die drieverdiepinggebou in Hammandshandweg in Stellenbosch bring nou die onderafdelings van die US se Afdeling Fasiliteitsbestuur, naamlik Eiendomsdienste, Risiko en Beskermingsdienste, Beplanning- en Ontwikkeling en Fasiliteitsdienste byeen.

Chris Munnik, Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur, sê die gebou van 1 412m$^2$ is uniek op kampus – nie net oor die ruimtebenutting en doeltreffende aanwending van tegnologie nie, maar veral wat volhoubaarheid en energiebesparing betref.

Al die energiebesparende elemente het 'n 35%-besparing volgens die Energie doeltreffendheidsindeks, bekend as die SANS 204, tot gevolg. Dit kom neer op 'n jaarlikse besparing van minstens R128 000.

Die ligging van die gebou op die periferie van die kampus is in ooreenstemming met die Universiteit se Kampusmeesterplan, waarvolgens al die US se fasiliteite oor die volgende dekades beplan word. "Sodoende stel ons plek beskikbaar vir die akademiese en navorsingsafdelings wat eerder in die kern van die kampus moet wees," sê Munnik.

Die gebou huisves ook die US se wêreldklas Fasiliteite Operasionele Sentrum, wat onder meer die straatkameras en dié by geboue monitor. Brand-, rook- en diefstal-alarms en die Universiteit se noodkragopwekkers kan ook van hier gemonitor word, asook die sentrale energiebestuur en lugreëlingstelsels. Fasiliteitsbestuur se 24 uur-hulptoonbank vir alle fasiliteite-dienste word ook van hier bedryf.

By die opening op 16 Mei het prof Russel Botman, US Rektor, gesê dié nuwe gebou gee die toon aan vir kantoorontwerp op kampus.

"Meeste van ons bestaande geboue kom uit 'n era waar een of twee mense in hul eie groot kantoor gewerk het. Hierdie gebou is anders. Dit het oopplan-werkstasies wat die ruimte beter benut. Soos alle nuwe dinge, sal dit tyd neem om aan gewoond te raak, maar dit is die rigting waarin die wêreld beweeg, en Maties sal nie agterbly nie."

### Eko-feite

**Die nuwe Fasiliteitsbestuurgebou spog met vele innoverende groen-aspekte:**

- **'n Skadu-analise is gedoen ten einde die gebou optimaal te oriënteer om hitte-las tot 'n minimum te beperk, maar tog genoeg lig in die gebou toe laat.**
- **Die groot dakoorhange en gebruik van houtpanele aan die buitekant help om die gebou koel in die somer en warm in die winter te maak. Houtpanele word ook aan die buitekant gebruik om tot soveel as 50% hitte-las uit te skakel.**
- **Koue water word uit die Eersterivier gepomp en in die lugreëlingstelsel gebruik, waarna dit weer teruggepomp word na die aangrensende sportterrein as besproeiingswater.**
- **Energiebesparende beligting word gebruik. Soos wat meer natuurlike lig die gebou instroom, domp die beligting vanself om krag te bespaar.**



## 'n Tuiste oppie Bosch

Daar is 'n eetsaal, beddens, studieruimte, kuierareas, 'n kafeteria – en op die koop toe 'n glyplank. Dit klink soos 'n koshuis, maar dis eintlik die amaMaties Hub (of naaf), waar dagstudente nou 'n tuiste op die Stellenbosch-kampus het.

amaMaties is 'n uitvloeisel van die US se unieke Res-Ed program, verduidelik Pieter Kloppers, Direkteur: Sentrum vir Studentegemeenskappe. "Die Res-Ed-program streef na 'n groter integrasie van die PSO-studente se ervaring van die universiteit met dié van studente in koshuise en 'n beter belyning van alle student se lewe buite die klaskamer met hul lewe binne die klaskamer."

Dié unieke leer- en leefsentrum, wat nie net die akademiese en sosiale lewe van studente integreer nie maar ook koshuisstudente en diegene wat van privaatverblyf gebruik maak (PSO-studente) byeenbring, is die eerste in sy soort op kampus.

Dit is oor twaalf maande teen 'n koste van nagenoeg R10 miljoen bo-op die bestaande Tinie Louw-saal in De Waalstraat gebou. Dit dien as tuisbasis vir studente in die PSO-wyke Equité en Libertas (wat ook kantore daar het), sowel as die vrouekoshuise Erica, Nemesia en Serruria en die manskoshuis Helderberg.

Sover vasgestel kon word, is daar nie nog 'n fasiliteit van hierdie aard in Suid-Afrika nie en min sentra oorsee kan daarby kers vashou.

